

Home of the South African farmer • Ikhaya lomlimi waseNingizimu Afrika • Tuiste van die Suid-Afrikaanse boer • Lehae la balimi ba Afrika Borwa

Agri SA Jaarverslag 2013 | 2014

**BELEIDSKOMITEE  
POLICY COMMITTEE**

Agri SA Annual Report 2013 | 2014

# Natuurlike Hulpbronne Natural Resources

Dan Kriek is die voorsitter van die Natuurlike Hulpbronne Beleidskomitee. Hy word bygestaan deur Dr Leon van Rooyen as ondervoorsitter en Wayman Kritzinger as addisionele lid. Nic Opperman is die funksionaris.

## WATERSAKE

### Hersiening van die Nasionale Waterbeleid

**D**ie Departement van Waterwese (DWA) het die voorgestelde wysigings aan die Nasionale Waterbeleid op 30 Augustus 2013 in die Staatskoerant vir kommentaar gepubliseer. Die beleidsdokumente wat die waterwetgewing tans rugsteun, dit is die Witskrif op Watervoorsiening en Sanitasie (1994), die Witskrif op die Nasionale Waterbeleid vir SA (1997), die Witskrif op Basiese en Huishoudelike Sanitasie (2001) en die Witskrif op die Strategiese Raamwerk vir Waterdienste (2003), word hersien.

Die bedoeling is om bogenoemde beleidsrigtings in een witskrif te konsolideer en beleidsgapings in toekomstige wetgewing te oorbrug. Die oogmerk is verder om die Nasionale Waterwet en die Wet op Waterdienste in een wet te konsolideer, met ander woorde, die integrasie van die totale water-waardeketting.

Toepaslikheid vir besproeiing van die voorgestelde wysigings:

- Die 'use it or lose it'-beginsel is van toepassing. Water wat vir 'n bepaalde tydperk nie gebruik word nie, word na die openbare trust sonder vergoeding geallokeer;
- Die minister sal hertoedeling doen om sosiale- en ekonomiese gelykheid te bereik;
- Die minister sal tydsraamwerke en die metodologie goedkeur wanneer bestaande wettige watergebruik eindig en gebruikers vir lisensies aansoek moet doen;
- 'n Moratorium word geplaas op die verhandeling van watergebruiksregte sowel as die tydelike en permanente oordrag van watergebruiksregte tussen gebruikers. Die waterregte wat op hierdie wyse bekom word, sal aan die openbare trust oorgedra word;
- Die minister het die diskresie om waterregte toe te ken volgens die transformasie- en ontwikkelingsdoelwitte van die regering – dit versterk dus die 'use it or lose it'-beginsel;
- Besluitneming oor die hertoedeling van watergebruiksregte moet gelykheid as primêre oorweging bevorder;
- Die totstandkoming van 'n ekonomiese reguleerder oor die totale water-waardeketting dui op 'n sterk inslag van sosiale regulering;
- Die instelling van streekswater-instellings vir 'bulk water supply' word voorsien;
- Die rol en funksies van watergebruikersverenigings (WUA's) word ingeperk – opvanggebiedbestuursagentskappe (CMA's) sal die funksies vervul. Die minister sal 'n datum aankondig wanneer die WUA's se funksies verbandhoudend met staatswater-infrastruktuur gedelegeer sal word na CMA's of die te stigte



Dan Kriek

Die Departement van Waterwese het ondersoek gedoen na die instelling van 'n nasionale besproeiingstarief, maar het ná deeglike evaluering daarvan afgesien.

The Department of Water Affairs had inquired into the introduction of a national irrigation tariff, but after thorough evaluation, abandoned the idea.



Dan Kriek is the chair of the Natural Resource Policy Committee. He was assisted by Dr Leon van Rooyen as vice chairman and Wayman Kritzinger as additional member. Nic Opperman served as functionary.

## WATER AFFAIRS

### Review of the National Water Policy

**T**he Department of Water Affairs published the proposed amendments to the National Water Act in the Government Gazette on 30 August 2013. The policy documents that currently support the water legislation, i.e. the White Paper on Water Provision and Sanitation (1994), the White paper on the National Water Policy for SA (1997), the White Paper on Basic and Household Sanitation (2001) and the White Paper on the Strategic Framework for Water Services (2003), are being reviewed.

The intention is to consolidate the above-mentioned policy documents into one White Paper and to bridge policy gaps in future legislation. The aim is also to consolidate the National Water Act and the Water Services Act into one piece of legislation, i.e. integration of the total water value chain.

The proposed amendments for irrigation have the following relevance:

- The use-it-or-lose-it principle is applicable. Water that is not used for a specific period is allocated to the public trust without compensation being payable;
- The minister will reallocate water to achieve social and economic equality;
- The minister will approve time frames and the methodology when existing legal water use ends and users have to apply for licences;
- A moratorium is placed on trading in water use rights, as well as the temporary and permanent transfer of water use rights between users. The water rights acquired in this way will be transferred to the public trust;
- The minister has the discretion to allocate water rights according to the transformation and development objectives of the government – thus strengthening the use-it-or-lose-it principle;
- Decision-making regarding the reallocation of water use rights must promote equality as primary consideration;
- The establishment of an economic regulator over the total value chain serves as a strong indication of social regulation;
- The introduction of regional water utilities for bulk water supply is envisaged;
- The role and functions of water user associations (WUAs) are restricted – catchment management agencies (CMAs) will perform these functions. The minister will announce the date when the WUAs' functions relating to state water infrastructure will be delegated to CMAs or the proposed regional water utilities;
- Appeal functions are integrated with the National Environmental Management Act (NEMA), namely a process of mediation;

streekswater-instellings;

- Appél-funksies word met die Nasionale Omgewingsbestuurswet (NEMA) geïntegreer, naamlik 'n proses van mediasie;
- Die minister kan 'n onafhanklike paneel aanwys om oor dispute te adviseer; en
- Waar mediasie nie 'n oplossing bied nie, kan dit vir arbitrasie verwys word.

Agri SA en ander groeperinge in die water-waardeketting het omvattende kommentaar op die voorgestelde beleidsveranderinge gelewer. Die kommentaar het egter nie enige noemenswaardige wysigings aan die voorgestelde waterbeleid teweeggebring nie, aangesien die genoemde beginsels deur die Kabinet goedgekeur is. Die voorgestelde wetswysigings wat die beleidsveranderinge sal weerspieël, word vir kommentaar in die Staatskoerant afgewag en sal aan die openbare parlementêre prosesse onderhewig wees.

### Watertariefbedeling 2014/2015

Agri SA het deelgeneem aan die jaarlikse watertarief-konsultasievergaderings van die Departement van Waterwese (DWA) op 10 en 17 September 2013.

Gegewe sake wat na vore gekom het tydens hierdie vergaderings, is die volgende aangeleenthede aan die DWA voorgelê. Dié aangeleenthede het meestal nog nie aandag geniet nie:

- Die behoefte aan deursigtigheid ten opsigte van die berekening van tariewe, verkieslik 'n nul-begrotingbenadering;
- Duidelikheid oor die metodiek wat gebruik word met die oog op berekening van toekomstige tariewe wat deel moet vorm van die hersiening van die Prysstrategie vir Rouwatergebruiksvorderings;
- Die DWA moet skuldverhaling opskerp en die verhaling van (swak) skuld verbeter, asook verslagdoening daarvoor aan belanghebbendes. Swak skuld sal ongetwyfeld 'n impak hê op toekomstige tariefstrukture – 'n situasie wat aandag moet geniet;
- Poste wat blykbaar reeds vir 'n aantal jare vakant is, vorm waarskynlik deel van die tariefberekening. Indien koste in hierdie verband nie materialiseer nie, sal die reserwes wat sodanig opgebou word 'n dempende effek op toekomstige tarieftoenames hê;
- Depresiasiekoste word in wese reserwes wat geskep word vir toekomstige kapitaalluitgawes (CAPEX). Reservering van dié fondse is noodsaaklik;
- Die DWA moet beleidsuitwysings en operasionele aangeleenthede ten opsigte van watergebruikerverenigings (WUA's) finaliseer en opvanggebiedsbestuursagentskappe (CMA's) as 'n saak van dringendheid implementeer. Hierdie instellings kan 'n waardevolle bydrae lewer tot deursigtigheid van tariefstrukture en doeltreffende bestuur van waterhulpbronne; en
- Kommunikasie met WUA's moet opgeskerp word, veral met die oog op korrekte faktureringsprosedure.

Agri SA het die DWA gevra om indiepte-aandag aan hierdie kwessies te gee, veral wat die volhoubaarheid van die besproeiingsektor betref. Faktore wat in hierdie verband oorweeg moet word, sluit in die negatiewe ruilvoet tussen produsentepryse en watertariewe, wat blykbaar

- The minister may appoint an independent panel to advise on disputes; and
- Where mediation does not produce a solution, the matter may be referred for arbitration.

Agri SA and other groupings in the water value chain have commented extensively on the proposed policy changes. The commentary, however, failed to bring about any significant changes to the proposed water policy since the above-mentioned principles had been approved by the Cabinet. The proposed amendments that will reflect the policy changes are being awaited for commentary in the Government Gazette and will be subject to the parliamentary processes.

### Water tariff dispensation 2014/2015

Agri SA participated in the annual water tariff consultation meetings of the Department of Water Affairs (DWA) held on 10 and 17 September 2013.

In the light of matters transpired at the meetings, the following issues were submitted to the DWA, which currently remains largely unresolved:



'n uiters negatiewe impak op die winsgewendheid van die besproeiingssektor het. Agri SA het die Departement van Waterwese (DWA) versoek dat:

- Stygings vir die waterinfrastruktuur- en waterhulpbronbestuurskoste tot 5.79% (VPI – April) beperk word;
- 'n Beperking van 20% op die stygings van die waterinfrastruktuurkoste geplaas word in dié gevalle waar staatswaterskemas moet beweeg na die volle verhaling van die onderhoud- en bedryfskoste, soortgelyk as die bedeling wat tans van toepassing is.

Agri SA het die Departement daarop attent gemaak dat hul aanname om die jaarlikse Producenteprys-indeks (PPI) intern te bereken foutief is, aangesien dié berekening op 'n nasionale grondslag van toepassing behoort te wees.

Terugvoering word afgewag.

### Hersiening van die prysstrategie vir gebruiksvorderings op rouwater

Die Departement van Waterwese (DWA) het met belangegroepes oor die hersiening van die Prysstrategie vir Water samesprekings gevoer. Die oogmerk om 'n befondsingsmodel en die moontlikheid om 'n ekonomiese reguleerder in plek te stel, is egter op koers.

Die Departement het ondersoek gedoen na die instelling van 'n nasionale besproeiingsstarief, maar het ná deeglike evaluering daarvan afgesien. Die beginsel van 'n opvanggebiedskematief blyk steeds die beste oplossing te bied.

Die Departement is egter ten gunste van die volle verhaling van koste (onderhoud en bedryf), insluitend die kapitaal en rente op bestaande en nuwe skemas. Agri SA het in sy kommentaar versoek dat verdere ondersoek gedoen moet word na die totale fiskale uitwerking van die onderskeie besproeiingskemas om 'n beter prentjie van die direkte en indirekte skaalvoordele vir die regering ten opsigte van belasting, uitvoerverdienste ens. te bekom. Volle verhaling van koste kan dubbele belasting tot gevolg hê, waarvan 'n regering hom moet van vergewis, aangesien dit sosio-ekonomiese implikasies inhou. Die verwagting is dat geteikende subsidies in die toekoms via die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) en die Nasionale Tesourie beding moet word. In 'n skrywe het dié departement die problematiek met sodanige benadering aan die DWA uitgewys. Verdere gesprek in hierdie verband sal by die Forum vir Hoof-uitvoerende Beamptes in die Landbousektor (CEO Forum) van DAFF plaasvind.

Die 'Waste Discharge Charge System' (WDCS) word opnuut ondersoek. Twee tariewe word voorsien, naamlik 'n 'Waste Discharge Levy' en 'n 'Waste Mitigation Charge'. Die toepassing hiervan op besproeiing is ietwat onseker, vanweë die landbou se nie-punt-bron-besoedeling-karakter. Die instelling van 'n 'Future Infrastructure Build Charge' (FIBC) word egter ook op die besproeiingslandbou voorsien en sal oor 'n periode van 10 jaar ingefaseer word. Dié heffing sal die opbrengs op

Agri SA requested the Department of Water Affairs to place a limit of 20% on water infrastructure cost increases in those cases where state water schemes must move towards full recovery of maintenance and operating costs, similar to the dispensation currently applicable.



- The need for transparency on the calculation of tariffs, preferably a zero budget approach;
- Clarity on methodologies used with a view to calculation of future tariffs, which should form part of the review of the Pricing Strategy for Raw Water Use;
- The need for the DWA to step up on revenue collection and improvement on (bad) debt collection and the reporting thereof to stakeholders. Undoubtedly bad debts would have an impact on future tariff structures, a situation which should be rectified;
- Vacant posts apparently being vacant for a number of years most likely did form part of tariff calculations. If costs in this regard did not materialise, reserves so created should be calculated in future tariff increases;
- Essentially depreciation charges are reserves created for future capital expenditure (CAPEX). Ring fencing in this regard should be affected;
- The DWA should finalise policy directives and operational matters in relation to water user associations (WUAs) and catchment management agencies (CMAs) (to be implemented) as a matter of urgency. These institutions could make a meaningful contribution towards the transparency of tariff structures and effective management of water resources; and
- Communication with WUAs needs to be stepped up especially with a view to correcting invoicing procedures.

Agri SA urged the DWA to pay in-depth attention to these matters, especially with regard to the sustainability of the irrigation sector. Factors to be considered in this regard include the negative terms of trade between producer prices and water tariffs, which seem to have an extremely detrimental impact on profitability in the irrigation sector.

Agri SA requested the Department of Water Affairs to:

- Limit increases in water infrastructure and water resource management costs to 5.79% (CPI – April 2014); and
- To place a limit of 20% on water infrastructure cost increases in those cases where state water schemes must move towards full recovery of maintenance and operating costs, similar to the dispensation currently applicable.

Agri SA pointed out to the department that their assumption to calculate the annual producer price index (PPI) internally was incorrect because this calculation should be applicable on a national basis.

Feedback was awaited.

### Review of the Pricing Strategy for Raw Water Use Charges

The Department of Water Affairs (DWA) has consulted with interest groups regarding the revision of the pricing strategy for water. A funding model and the possibility of establishing an economic regulator, however, are being considered.

The Department had inquired into the introduction of a national irrigation tariff,

kapitaalheffing (ROA) vervang, waarvan die landbou voorheen uitgesluit was. Die konsep-prysstrategie word vir kommentaar in die Staatskoerant afgewag.

### Waterkwaliteit

Die bevindinge van die Waternavorsingskommissie (WNK) se studie oor waterkwaliteit en voedselveiligheid wek ernstige kommer by Agri SA. Die verslag bevestig die organisasie se vermoede dat rivierwater wat vir besproeiing gebruik word, nie deurgaans aan die vereiste standaard van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) voldoen nie. Dit is veral bakteriese en virologiese besoedeling afkomstig van onverwerkte rioolafval wat potensiële gesondheidsrisikos vir gebruikers van varspprodukte kan inhou wat met besoedelde water besproei word.

Agri SA het reeds in 2009 die organisasie se kommer oor waterkwaliteit onder die voormalige Minister van Waterwese se aandag gebring. Daarbenewens is die Nasionale Ekonomiese-, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (NEDLAC) se verslag oor waterkwaliteit in 2011 ook aan minister Edna Molewa beskikbaar gestel. Dit dui daarop dat die bakteriese en virologiese patogene in waterhulpbronne teenwoordig heel bo aan die lys van besoedelingselemente verskyn en – benewens die ander besoedelingselemente – 'n groot bedreiging vir mens- en dieregesondheid, die ekonomie asook die samelewing inhou.

Die Departement van Waterwese gee in die Nasionale Waterhulpbron-

but after thorough evaluation, abandoned the idea. The principle of a catchment area scheme tariff still seems to offer the best solution.

The DWA, however, is in favour of recovering the full (maintenance and operating) cost, including capital and interest, on the existing and new schemes. In its commentary, Agri SA asked that further inquiries be conducted into the total fiscal impact of the respective irrigation schemes in order to get a better picture of the direct and indirect economies of scale for the government in respect of taxation, export earnings etc. Full recovery of costs could result in double taxation, which the government should be aware of since it holds socio-economic implications. Expectations are that targeted subsidies will have to be negotiated via the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries and the National Treasury in future. In a letter to the Department of Water Affairs, this department pointed out the problem with such an approach. Further discussion in this regard will take place at the Department of Agriculture, Forestry and Fisheries' Forum of Chief Executive Officers (CEO Forum) in the agricultural sector.

The Waste Discharge Charge System (WDCS) is being re-examined. Provision is made for two tariffs, namely a Waste Discharge Levy and a Waste Mitigation Charge.

The application of this to irrigation is somewhat uncertain, given agriculture's non-point-source-pollution character. The introduction of a Future Infrastructure Build Charge (FIBC), however, is also envisaged for irrigation farming and will be phased in over a period of 10 years. This charge will replace the return on capital levy (ROA), from which agriculture was previously excluded.

The draft pricing strategy is awaited for commentary in the Government Gazette.

### Water quality

The findings of the Water Research Commission (WRC) study on water quality and food safety are a source of concern for Agri SA. The report confirms the organisation's suspicions that river water used for irrigation purposes does not always meet the required standards of the World Health Organisation (WHO). In particular, bacterial and viral pollution resulting from unprocessed sewerage could potentially pose health risks to consumers of fresh market produce.

Agri SA brought the organisation's concern over water quality to the attention of the former Minister of Water Affairs in 2009. In 2011 the National Economic Development and Labour Council (NEDLAC) report on water quality was also made available to Minister Edna Molewa. It indicated that the bacterial and viral pathogens present in water resources appeared at the top of the list of polluting elements and, in addition to other polluting elements, posed a huge threat to human and animal health, the economy as well as society.

In the National Water Resource Strategy (NWRS-2) of June 2013, the Department of Water Affairs recognises water quality as one of the biggest challenges: "Communities are at high risk of being affected by waterborne diseases when drinking water directly from the river without any treatment and using the water for recreation, washing and irrigation purposes."



strategie (NWRS-2) van Junie 2013 erkenning daaraan dat waterkwaliteit een van die grootste uitdagings is. "Communities are at high risk of being affected by waterborne diseases when drinking water directly from the river without any treatment and using the water for recreation, washing and irrigation purposes".

Agri SA het by die "Strategic Water Partners Network Forum" (SWPN) ingeskakel, wat ten doel het om die watergaping teen 2030 te oorbrug. Die Minister van Watersake ondersteun die werksaamhede van die SWPN, so ook die "The New Partnership for Africa's Development" (NEPAD) se Besigheidstigting en die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF). Belangegroep in die privaatsektor stel hul kapasiteit en kundigheid beskikbaar met die oog op die verbetering van waterkwaliteit.

Benewens hierdie aksies vorm Agri SA deel van die Waternavorsingskommissie se opvolgstudie om metodes te ondersoek waarop water vir besproeiing sodanig gesuiwer kan word om aan die voorgeskrewe gesondheidsvereistes te voldoen.

### Regsmening oor watergehalte

Agri SA het regsadvies ingewin oor die regsposisie van besproeiers wat betref watergehalte en voedselveiligheid as gevolg van bevindinge van die studie wat die Waternavorsingskommissie uitgevoer het. Die fokus sal nie op litigasie as sodanig wees nie maar eerder op onderhandeling met die Regering met die beste moontlike inligting wat beskikbaar is.

Vir hierdie doel het Agri SA vir duidelikheid gevra oor die Regering se verantwoordelikhede ingevolge artikel 27 van die Grondwet sowel as die betrokke artikels in die Nasionale Waterwet. Ons het veral duidelikheid nodig oor die moontlikheid dat die regering sy kontraktuele verantwoordelikhede teenoor besproeiers nie nakom nie. Ons wil daarom 'n regsmening inwin oor die moontlikheid van sukses om hierdie probleem behoorlike aandag te gee.

Die risiko dat besproeiers biologies besmette water gebruik (Wet op Verbruikersbeskerming, CPA) moet ook bepaal word. Die evaluering van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA) is ook nodig ten opsigte van die toepassing van fondse en hoe die reëls moontlik aangepas kan word om besoedeling te verhoed waar besproeiers benadeel word. Ter opsomming: Agri SA moet ingelig wees oor die betrokke aksies wat hy kan neem en die kansen dat litigasie suksesvol sal wees indien hy daarmee sou voortgaan.

Die regsmening in verband met die CPA het aangedui dat boere blootgestel word aan die risiko om aanspreeklik gehou te word vir liggaamlike beserings, sterftes en/of siektes van 'n natuurlike persoon en enige gevolglike ekonomiese verlies, tensy die verbruiker kan bewys dat sodanige besering, sterfte en/of ekonomiese verlies veroorsaak is deur die besoedelde water wat gebruik is vir besproeiing van gewasse. Om die oorsaaklike verband tussen die skade en/of verlies wat gely word en die besoedelde water te bewys ten einde 'n suksesvolle eis teen 'n boer (verskaffer en/ of produsent) ingevolge artikel 61 van die CPA in te stel, sal na hul mening en in

Die Departement van Waterwese gee in die Nasionale Waterhulpbronstrategie (NWRS-2) van Junie 2013 erkenning daaraan dat waterkwaliteit een van die grootste uitdagings is.



Agri SA forms part of the Strategic Water Partners Network Forum (SWPN), which aims to bridge the water gap by 2030. The Minister of Water Affairs supports the activities of the SWPN, as does the New Partnership for Africa's Development (NEPAD) Business Foundation and the World Economic Forum (WEF). Interest groups in the private sector have made their capacity and expertise available with a view to improving water quality.

Besides these actions, Agri SA also forms part of the Water Research Commission's follow-up study to look at methods whereby water for irrigation can be purified to meet the prescribed health requirements.

### Legal opinion on water quality

Agri SA approached legal advice on the legal position of irrigators on water quality and food safety as a result of the findings of the study by the Water Research Commission (WRC) on food safety and water quality. The focus will not be on litigation per se but rather to negotiate with government with the best information available.

For this purpose Agri SA requested clarity on government's responsibilities in terms of both section 27 of the Constitution and the relevant sections of the National Water Act. We particularly need clarity on the possibility that government is breaching its contract responsibilities to irrigators. We therefore seek legal opinion on the possibility of success to address these problems.

The risks of irrigators using biologically contaminated water in relation to the Consumer Protection Act (CPA) are also required. The evaluation of the Municipal Finance Management Act (MFMA) is also needed in respect of the application of funds and how the rules could possibly be amended to prevent pollution where irrigators are prejudiced. The problems foreseen in terms of proving the causality between pollution and impairment should also form part of the opinion. In summary: Agri SA needs to know of the applicable actions we could follow and the chances of success, should we decide to litigate.

The legal opinion pertaining to the CPA indicated that farmers are exposed to the risk of being held liable for personal injury, death and/or illness of a natural person and any resultant economic loss, provided the consumer is able to prove that such injury, death, illness and/or economic loss was caused by the contaminated water used for irrigation crops. Proving the causal nexus between the harm and/or damage suffered and the contaminated water will, in their opinion and in most cases – if not all – be an onerous burden for the consumer to discharge in order to succeed with a claim against a farmer (supplier and/or producer) in accordance with section 61 of the CPA.

The legal opinion on government's responsibilities in terms of section 27 of the Constitution, relevant sections of the National Water Act and the MFMA are awaited.

meeste indien nie alle gevalle, 'n erge las op die verbruiker plaas.

Die regsmeening wat betref die regering se verantwoordelikhede ingevolge artikel 27 van die Grondwet, tersaaklike artikels van die Nasionale Waterwet en die MFMA word afgewag.

### Nasionale Waterhulpbronstrategie

Die Departement van Waterwese (DWA) het die implementering van die Nasionale Waterhulpbronstrategie (NWRS-2) met Agri SA bespreek, met die fokus op die volgende:

- Die strategiese aksies gemeld in elk van die hoofstukke in hierdie strategie;
- Die implementeringsbenadering;
- Die sektor-spesifieke implementeringsplanne wat die DWA ontwikkel; en
- Om te kyk na die moontlike rol van Agri SA in sodanige implementering.

Die NWRS-2 het die volgende vyf prioriteite geïdentifiseer waarop die watersektor oor die volgende vyf jaar gaan fokus:

- Waterbewaring en wateraanvraagbestuur;
- Beplanning, infrastruktuur-ontwikkeling en die bedryf en instandhouding van waterhulpbron-infrastruktuur;
- Daarstelling van gelykheid, insluitend waterallokeringshervorming (WAR);
- Institusionele vestiging en beheer; en
- Monitoring en afdwinging van nakoming.

Die implementering van die NWRS-2 sal 'n top-prioriteit op die sakelys van die DWA-seniorbestuur en ander strategiese forums bly.

